

Genade en seën vir 2021!

God is ook in die hospitaal

(Uittreksel uit 'n stuk wat Nils Anderson vir Goeie Nuus geskryf het na hy 'n hartaanval gehad het.)

Om my bo-arm is iets wat lyk soos 'n motor se binneband wat elke uur outomaties oppomp en my bloeddruk meet. So deur die slaap en die pyn, in die flou nagliggie word ek half wakker as die band begin pomp. Ek is nie heeltemal wakker nie maar voel dat dit die hand van God is wat so aan my arm vat en vir my sê "Moet nie bang wees nie. Ek is met jou, al die dae van jou lewe." Dan raak ek weer weg in 'n rustige slaap. As ek so half wakker word, sien ek dat by die voetenend van elke bed daar 'n engeltjie sit wat waghou oor die pasient. As ek nader kyk, sien ek, hulle is dan swart!! En ek onthou uit my kinderdae dat die prentjies in die kinderbybel slegs wit engeltjies gewys het. Dan besef ek: By God is daar geen kleurverskille nie. Hy het almal geskape na sy beeld en voor God is ons almal gelyk!. En hierdie engeltjies hou vannag oor ons die wag.

Ek was seker al meer as twintig keer in hospitaal vir 'n verskeidenheid van operasies en siektes en elke besoek was vir my nog 'n Geestelike ervaring en het ek die hospitaal Geestelik ryker verlaat.



Geplaas ter herinnering aan een van die stigterslede van die gemeente meer as 61 jaar gelede, wat op vele terreine 'n invloedryke rol in die gemeente gespeel het.

Nils Anderson - 4 Mei 1935 tot 31 Desember 2021

Onseker 2021

Die ou uitdrukking lui dat daar net een ding seker is en dit is dat niks seker is nie. Dis sekerlik die meeste van ons se gevoel hier aan die begin van die jaar. Sodra jy dink jy wil iets beplan, besef jy die uitvoering daarvan hang totaal van omstandighede af.

Ook die beplanning vir die gemeente is byna onmoontlik. Wanneer sal ons weer enige eredienste kan hê? Hoe gaan die kategetiese noodgedwonge moet lyk? Wat van Bybelstudies? Sal enige van die beplande vergaderings kan voortgaan? Hoe pas 'n nuwe administratiewe beampte nou by die kerkkantoor in? Hoe gaan 'n nuwe leraar in hierdie situasie sy/haar voete vind?

Dan is daar die vrae oor projekte van die verlede: sal die verskillende bedieninge ooit weer kan voortgaan soos tevore? Moet daar gekyk word na nuwe projekte? Moet daar dalk totaal nuwe bedieninge kom? Dalk is die groot vraag: Hoe wil die Here hê dat ons kerk sal wees in hierdie nuwe tydperk en verder?

Daar is egter een ding waarvan ons werklik seker kan wees: **God bly altyd dieselfde.** Dis ons en die wêreld waarin ons leef wat gedurig verander. Maar Jesus loop steeds voor en ons volg in Sy voetspore. Ons is mos "Volgelingen van Jesus". Laat ons steeds ons geestesoë op Hom rig en met oorgawe volg waar Hy ook lei.



Spreuke 16:9

Die hart van 'n mens beplan sy pad, maar die Here bepaal sy voetstap.

Goeie nuus oor Goeie Nuus

Ons doel met die Goeie Nuus is om dit toenemend 'n mondsruk vir die gemeente te maak. Ongelukkig is ons verlede jaar baie deur die virus gekortwiek, sodat ons nie kon doen wat ons graag wou nie. Hopelik sal dit binnekort beter gaan sodat ons 'n beter produk kan lewer.

'n Diens waarmee ons wel nou al kan begin, is om klein advertensies gratis te plaas. Hierdie sal 'n diens net aan gemeentede wees. Ons sal nie die hele Pretoria of selfs verder kan hanteer nie. As jy 'n woonstel het om te verhuur of 'n motor wil verkoop, of werk soek vir iemand, of musiekles gee, of dalk het jy iets nodig wat jy nie kry nie, of wat ookal, stuur gerus 'n advertensie in van nie meer as 20 woorde nie en ons sal dit in die volgende Goeie Nuus probeer plaas.

In die volgende uitgawe sal ons 'n e-posadres gee, maar ondertussen kan inligting op 'n whatsapp gestuur word na Louis Briitz 083 383 1262.

Groter advertensies: Kontak die kerkkantoor by 012 803 1531



Kalender: God sorg vir jou.

Met die saamstel van die kalender is daar gesoek na iets wat elkeen wat dit sien, elke keer sal bemoedig en versterk. Daarom is daar, na oorweging van 'n hele paar voorstelle en ontwerpe, besluit dat die mossies in Matteus juis dit wil sê: Al is jy hoe gering, vir God is jy belangrik. Hy sorg elke dag vir jou in al jou behoeftes.

Ons gebed is dat ook jy, wanneer jy na die kalender kyk, sal weet dat God, wat jou omstandighede ookal is, altyd daar is vir jou; ook dwarsdeur hierdie deurmekaar 2021.

Randfigure Stemme van toe tot nou.- Lisel Joubert & Isabel Murray

('n Bundel oor besondere vroue in ons kerk)

Randfigure is 'n bundel verhale waarvan Prof Christo Lombaard van Christelike Spirualiteit (Unisa) sê, "Vroue van nou skryf oor verlede-vroue wie se lewensgrepe ons nou nog aangryp."

Hierdie bundel is onder redaksie van Lisel Joubert en Isabel Murray. Een van die aangypende verhale in die bundel is dié van Audrey Halloran geskryf deur Isabel Murray. Sy het haar hart drie dae voor haar veertiende verjaarsdag aan Jesus Christus gegee.

Audrey wou altyd medies studeer. Sy het in Sydney medies geswot maar sy sê die Here het haar Londen toe gelei waar sy 'n mede-student ontmoet het wat vertel het van sy werk in Morgenster Mission in Suid Rhodesië. Sy het dadelik gewet dit is waar sy ook wou gaan. Sy het gewag op die roeping van die Here. Hy het vir haar die belofte van Markus 10: 29 – 30 gegee. Op die eerste welkomkaartjie wat sy ontvang het, binne die eerste vyf minute wat sy op Morgenster geland het, was dieselfde teksvers!

Hierdie is maar net een van die juweeltjies in die bundel. Dit is nie net bedoel vir teoloë, sendingkundiges of maatskaplike werkers nie. 'n Baie toeganklike boek!

Prys: R300 Navrae: isabellemurray73@gmail.com – 083 257 2933

Resensie: Isabel Ballot

